

Aanbiddingsvers:

“Soek die HERE terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is.”

(Jesaja 55:6 AFR1953)

Sing vooraf: Psalm 63:6 (p. 309)

- 6 Maar ek is in die HERE bly / met almal wat sy Naam bely;
ons roem, daar Hy die boosheid stuit / en streng die leuenmonde sluit.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 116:1, 6 (p. 569)

- 1 God het ek lief, want die getroue HEER / hoor na my stem uit vrye welbehae;
ek roep Hom aan in al my lewensdae, / Hy skenk my hulp, Hy red my, keer op keer.
- 6 Ek het geglo toe ek, in smart gedaal, / dit uit moes spreek: "Ek is terneergeboë,"
en uit moes roep, deur sware smart bewoë: / "Die mens se woord is enkel leuentaal."

Gebed.

- *Doksologie*
- *Aanbidding*
- *Skuldbelydenis*

Vergifnis

- *Dank*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God*
- *Algemene bede*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens*

Amen.

Psalm 4:1 (p. 14)

- 1 Verhoor my, HEER, in donker dae, / God van my reg, send troos vir my!
U wat my voer uit hinderlae, / hoor my uit vrye welbehae.
O manne wat my nou bestry, / hoe lank nog word in teënhede
my eer in skande omgekeer? / Hoe lank is jul met nietighede,
met ydelheid en wind tevrede? / Word leuentaal deur jul begeer?

Skriflesing: Matteus 10

Teks: Mattheus 10:16; Heidelbergse Kategismus Sondag 43

Kyk, Ek stuur julle soos skape onder die wolwe in; wees dan versigtig soos die slange en opreg soos die duiwe. (Matteus 10:16 AFR1953)

Wees dan versigtig soos die slange en opreg soos die duiwe.

Daar is die belofte dat elke gelowige wat hom op die Here Jesus Christus verlaat, heeltemal veilig sal wees.

- Die eis daarvoor bly net geloof en gehoorsaamheid.
- Wees versigtig en wees opreg.

Die gelowige moet so versigtig wees soos die slange wat weet dat die mense hom haat, en hulle vermy so goed soos hy kan.

- Maar hy moet ook opreg wees soos die duiwe.
- Opreg kan ook hier beteken om alle veglustigheid en rusie-soekerigheid te vermy.

Hierdie opdrag van die Here Jesus sluit dus baie goed aan by die negende gebod wat ons verbied om valse getuienis te lewer.

- Die Here Jesus sê dat dit vir die kerk nog moeiliker is as wanneer daar 'n wolf onder die skape is.
- Hy stuur elke Christen as 'n skaap tussen 'n klomp wolwe in. Jy moet in 'n kwaai en aggressiewe wêreld jou beginsels gaan uitlewe, sonder om aan die eer van God enige skade te doen.
- Skinder en kwaadstook is baie gevaarlik: dit is soos wanneer daar 'n wolf onder 'n trop skape inkom, want hy kan almal doodbyt.

Daar is baie mense wat kwaadpraat en skinder uitbuit om die eer van die kerk (die gelowiges) daarmee deur die modder te sleep.

- Die vyande van die gelowiges is mense van naby en van ver – hulle is orals.
- In die gelese gedeelte bedoel die Here Jesus in vers 17 dat die wolwe Jode is en in vers 18 dat hulle heidene is.

Kom ons kyk uit hierdie hoek na die negende gebod.

- 1. Die negende gebod wil ons bewaar teen die kwaad**
- 2. Die negende gebod maan ons tot versigtigheid**
- 3. Die negende gebod spoor ons aan tot dienende liefde**

1. Die negende gebod wil ons bewaar teen die kwaad

Na aanleiding van Johannes 8:44 waar die Here Jesus Christus 'n uitspraak maak teen die mense wat so kan loop en onwaarhede verkondig, noem ons die oortreding van die negende gebod die *eie werke van die duiwel*.

Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan. (Johannes 8:44 AFR1953)

Die Bybel waarsku ons om nie soos die Satan te wees nie, want die Satan is die vader van die leuen.

- As jy dus met leuens lewe en bedrog pleeg, lewe jy volgens die styl van die duiwel.
- Jy mag nie waarhede verdraai of uit verband ruk nie, want dis presies hoe die duiwel sy ding doen.
- As jou lewe daarmee ooreenstem, dan beteken dit dat jy die duiwel navolg.

Dit is inderdaad so, want die Satan is 'n leuenaar van die eerste woord af wat ons van hom hoor.

- Al die ellendes wat ons vandag in die wêreld ken, is die gevolg van die leuens van die Satan.
- Die Satan is in sy element as ons met leuens omgaan en deur hierdie leuens in die moeilikheid kom.

Die waarskuwing is baie duidelik:

- Moet nie kinders van die Satan word deur julle werke nie.
- Woorde is ook werke.
- Slegte werke versterk die mag van die Satan.

Die probleem is dat daar soveel mense is wat voorgee dat hulle Christene is, maar wat met die oneerlikheid in hulle lewens die eer van God skend.

- Die waarskuwing is nie ontydig nie, want mense het maar altyd die geneigdheid om ander mense te beskinder.
- Of om dinge uit te saai wat onwaar is.
- Om moontlik met allerhande stories haat en onmin, of selfs skeuring te veroorsaak.
- Daarmee word die koningsbeeld van God in jou geskend.

Onthou dat die Satan magtig is. Hy het genoeg krag om die mens te laat struikel as hy net kan.

2. Die negende gebod maan ons tot versigtigheid

God hoor alles, en oordeel oor alles.

- Hy hoor ook ons leuens en laster teen ons naaste.
- Dit beteken dat ons moet besef dat God persoonlik getuie is van alles wat ons sê.

Ons het dus geen verweer as ons voor God moet verskyn oor hierdie sonde nie.

Die eerste vermaning tot versigtigheid maan ons dat ons moet weet dat die Vader, Seun en Heilige Gees in sy optrede en beloftes altyd absoluut eerlik is.

- By God is niks anders as die waarheid nie.
- As jy as beeldraer van God nie hierdie selfde kenmerk vertoon nie, kan jy verwag dat die Here jou daarvoor gaan straf.

Dit bring ons by die tweede rede tot versigtigheid, naamlik die oordeel van God.

- Die oordeel van God is nie iets waarmee mens kan speel nie.
- Die leuen gaan lynreg teen die heiligheid van God in.
- God belowe self dat Hy alle sondes tydelik en ewiglik gaan straf. Dit beteken doodgewoon dat as jy nie lief is vir die waarheid nie, en jy kom nie tot bekering nie, dat jy met die hel gestraf gaan word.

Die beste voorbeeld van die saak is die Satan self.

- Hy het met leuens in die hemel in opstand gekom, en is as gevolg daarvan uit die hemel uitgebana.
- Hy het daarna die mens tot 'n val gebring, en God self noem hom 'n mensemoordenaar.
- Vir hierdie onheilige optrede van hom, teen sowel God as die mens, word die Satan vir ewig geoordeel. Hy gaan hel toe.

U moet tog asseblief nie dink dat die verskrikking van die hel nie so verskriklik is nie.

- Dit is nie iets wat enige mens op die aarde in staat is om te kan verduur nie.
- Die ang van die hel gaan gepaard met die donkerste dieptes van God-verlatenheid en pyn – selfs meer as waaraan ons nou kan dink.

Die eienaardige is dat geen mens bekend wil staan as 'n hoer of 'n moordenaar nie, maar oor die algemeen gee mense nie om om te skinder nie.

- Ons gee soms ook nie om om mense te veroordeel nie – terwyl die oordeel God alleen toekom.
- Dit terwyl alle sondes ewe swaar deur God veroordeel word.

Dink net vir een oomblik watter soort sondes almal onder die negende gebod val:

- Valse getuienis
- Woorde verdraai
- Kwaadsprek
- Laster

- Ligvaardig oordeel of help veroordeel
- Lieg en bedrieg

U sien, as ons versigtig werk met die negende gebod, dien ons die eer van God en van ons naaste. Daarby dien diegene wat hierdie soort van optrede vermy ook sy eie eer, want ons het tog nie werklik respek vir mense met los tonge nie.

3. Die negende gebod spoor ons aan tot dienende liefde

Die gebod skep iets van 'n probleem, want mens kan tog ook nie gesels sonder om ooit iets van ander mense te sê nie.

- 'n Mens moet tog van ander mense praat.
- Die vraag is: Wanneer mag ek iets van iemand anders sê? En wat mag ek sê?

Die antwoord lê daarin dat ons die waarheid en vrede moet liefhê: Versigtig soos 'n slang en opreg soos 'n duif.

- As mens dit net altyd kan onthou, sal ons ook onthou dat mense wat in 'n gesprek bespreek word aan die Here behoort.
- Dan sal ons vanself ons aandeel inkleef tot eer van die Here.
- Dan sal ons ons naaste dien met ons woorde omdat ons dinge vertel wat tot sy eer en sy voordeel strek.

Net soos wat leuens altyd skeiding veroorsaak, bewerk liefde weer eenheid.

- Die gevolge van onderlinge liefde en verdraagsaamheid is dat jy jou naaste se eer sal beskerm en hom ook sal verdedig waar iemand anders sy eer bedreig.
- Jy sal dus met so 'n lewenstyl die middelaarsbeeld van die Here Jesus Christus uitleef.

Kyk wat het die Here Jesus gedoen.

- Hy het sy lewe deur die goeie in die mens gesien.
- Toe hulle die owerspelige vrou op heterdaad betrap en haar na die Here toe bring, het Hy gesê dat die een wat geen sonde het nie, die eerste klip moet gooi.
- Dit help nie om so hard oor 'n ander se sondes te skreeu dat jy jou eie daarmee toesmeer nie.
- Daarom het die Here die vrou laat gaan met die opdrag dat sy nie weer moet sondig nie.

Kyk ook na die liefdesgenade wat Hy openbaar aan die kruis:

- Aan die kruis bid Jesus dat die Here die wat Hom kruisig moet vergewe omdat hulle nie weet wat hulle doen nie.
- Die een moordenaar aan die kruis het sy skuld bely.
 - Die Here Jesus het hom nie verwyt oor watter soort sondes hy in die verlede al gepleeg het nie.
 - Hy het net gesê: Vandag sal jy saam met My in die Paradys wees.

Die Here Jesus kon almal van ons tot in die hel toe veroordeel het oor ons sondes.

- Hy kan in die oordeel baie openbaar oor die donker kolle van sondes wat ons lewens deurspek.
- Maar Hy doen presies die teenoorgestelde. Hy het vir ons gaan sterf.

Aan die kruis het Hy sy lewe afgelê sodat ons saak voor God verander kan word.

- Hy het ons van sondebesmettes verander na volmaak gereinigdes toe.
- In die proses het Hy sy Gees oor ons uitgestort – en die Heilige Gees is die wag oor ons gedagtes en voor ons mond.
- Hy rig die gang van ons gedagtes dat dit langs die leuen verbygaan.

Laat ons voortstry tot die Here kom, want die Here sê in Psalm 25:10:

Al die paaie van die HERE is goedertierenheid en trou vir die wat sy verbond en sy getuïenisse bewaar. (Psalm 25:10 AFR1953)

Die Here Jesus Christus het gely vir die waarheid.

- Hy is gelaster, maar het nie teruggelaster nie.
- Daarom moet ons onder die leiding van sy Gees presies hierdie pad loop.

Kom ons lees die Heidelbergse Kategismus Sondag 43 saam.

Vraag 112: Wat eis die negende gebod?

Antwoord: *Ek mag teen niemand valse getuïenis aflê (a), niemand se woorde verdraai (b), nie 'n kwaadsteker of lasteraar wees nie (c), niemand onverhoord en ligtelik help veroordeel nie (d). Alle vorme van lieg en bedrieg moet ek as die duiwel (e) se eie werke vermy as ek nie die sware toorn van God oor my wil bring (f) nie. In regsake en in alle ander handeling moet ek die waarheid liefhê, en opreg wees in wat ek sê en bely (g). My naaste se eer en goeie naam moet ek na my vermoë verdedig en bevorder (h).*

(a) Spr 19:5, 9; 21:28. (b) Ps 15:3; 50:19, 20. (c) Rom 1:30. (d) Matt 7:1; Luk 6:37. (e) Joh 8:44.

(f) Spr 12:22; 13:5. (g) 1 Kor 13:6; Ef 4:25. (h) 1 Pet 4:8.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 46:1 (p. 236)

- 1 God is 'n toevlug in die nood, / 'n rots wat altyd vas bly staan,
al dreig die vyand met die dood, / al storm sy leërbendes aan.
Laat dan maar buig en beef / al wat ons hier omgeef;
laat berge uit hul stee / wegwankel in die see – / ons sal nie beef of rugwaarts gaan.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 8 November 2009